www.PapaCambridge.com

UNIVERSITY OF CAMBRIDGE INTERNATIONAL EXAMINATIONS
General Certificate of Education Advanced Subsidiary Level

**FIRST LANGUAGE AFRIKAANS** **8779/04**

Paper 4 Texts **October/November 2011**

**2 hours 30 minutes**

Additional Materials: Answer Booklet/Paper

**Invigilators must refer to the Additional Materials List for instructions on the use of set texts in the examination.**

*0057841556*

## READ THESE INSTRUCTIONS FIRST

If you have been given an Answer Booklet, follow the instructions on the front cover of the Booklet.
Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

Answer any **three** questions, each on a different text. You must choose one question from Section 1, one from Section 2 and one other.
Write your answers in **Afrikaans**.
Dictionaries are **not** permitted.
You should write between 500 and 600 words for each answer.

At the end of the examination, fasten all your work securely together.
All questions in this paper carry equal marks.

This document consists of **5** printed pages and **3** blank pages.

DC (SM) 52406
© UCLES 2011

UNIVERSITY *of* CAMBRIDGE International Examinations

**[Turn over**

www.PapaCambridge.com

## Section 1

**1** ***Na die geliefde land*, Karel Schoeman**

**Of:**

**(a)** Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

[Carla] haal haar skouers op. “Mammie en Pappie het op jou beslag gelê, daar is soveel wat hulle jou wil vra en vertel, of in elk geval soveel dinge waaroor hulle wil praat wat hulle net vir jóú kan sê. Waarvoor sou ék dan nog jou geselskap kom soek?”

“Miskien het óns nog meer om vir mekaar te sê.”

“Wat laat jou so dink?”

“Dis ’n moontlikheid, niks meer nie. Ons is ongeveer ewe oud, ons is van dieselfde geslag, watter verskille daar ook tussen ons is.”

Sy is vir ’n lang tyd stil terwyl sy rook en skynbaar oor sy woorde nadink. “Die geslag van ná die moeilikhede, die nuwe geslag . . . Miskien raak jy gewoond aan die stilte,” sê sy dan, “Jy verlang na iemand met wie jy kan praat, jy wag, jy hoop, maar wanneer jy die kans kry, het die woorde in jou vasgegroei en daar is niks meer om te sê nie.”

“Is daar werklik niks nie, of wíl jy net nie meer praat nie?”

Sy sit en nadink, en gaan voort asof sy die vraag nie eers gehoor het nie. “Nee,” sê sy, “dis nie dat die woorde vasgegroei het nie, jy’t hulle eenvoudig ontgroei; jy’t geleer om woorde in dade om te sit, en jy het nie meer nodig om te praat nie. Jy’t selfstandig geword.” Sy glimlag. “Dis die oumense wat wil sit en praat, my ouers-hulle en tant Miemie, maar woorde help nie.”

“Watter alternatief het jy?”

“Wag maar, jy sal nog sien,” antwoord sy glimlaggend.

**(i)** Waarna verwys Carla as sy praat oor “die moeilikhede”?

**(ii)** Hoe het “die moeilikhede” mense se lewens verander?

**(iii)** “Carla en George mag dalk albei lede van die nuwe geslag wees, maar hul lewensuitkyk verskil.” Bespreek hierdie stelling.

**Of:**

**(b)** Bespreek die titel van die boek met betrekking tot die verhoudings van die karakters met die land.

www.PapaCambridge.com

**2** ***Toorberg*, Etienne van Heerden**

**Of:**

**(a)** Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

En terwyl hy daardie dag oor die oop vlakte deur ’n trop lui springbokke getrek het, het Floors uitgevind dat ’n groot man nooit te uitgegroei is om soos ’n kind te huil nie.

Dit was die einde van sy uitvraery oor homself en sy familie.

Hy’t nie weer in die Kamdeboo koets gedryf nie en het andere distrikte gaan besoek. Hy’t goud in die strome van die verste distrikte in die noorde gaan soek; hy’t by ’n sirkus aangesluit en die perde versorg. Soms, as een van die artieste siek was, het hulle sy gesig geverf en het hy in die arena verskyn teen die flanke van die blink, opgetofte perde. Maar ná ’n ruk het hy weer weggesweef, gedryf deur die verlange na grond en beeste, na water en die warm veldson in die blaaie.

Gerugte van Soois se dood het hom bereik, ook nuus oor Andreas se oorlopery na die Engelse, berigte oor Lucius se toespraak oor misdade van die Regterhand en van OuAbel wat met ’n span van veertig bandiete sestien maande lank gegrawe en gebou het aan ’n uitkeervoor wat die Oog se water na die vrugbare boveld moes bring.

OuAbel het ’n uitkeersluis in die berg gebou, ’n akwaduk opgerig wat in die laagtes drie voet bo die grond geloop het. Ander plekke moes hulle, om waterpas te bly, die sementgeut tot tien voet laat sak. Groot landerye is aangelê, het hy gehoor, en mettertyd was dit die grootste saaiweiding noord van Swellendam. OuAbel het voorentoe geboer en was ’n waardige opvolger vir StamAbel. Hy was die enigste van StamAbel se seuns wat nie sy kop verloor het op ’n vroumens, die kuns, die Wet of die oorlog nie. Hy het Toorberg verdien.

En nou, dink Floors, kan ek hier dwaal asof dit uiteindelik ook myne is. Ek moet wel versigtig loop, want ek het nie ’n graf in die begraafplaas verdien nie. Maar ek het teruggekeer, soos alle Moolmans, want hier is my nageslagte ook – al het hulle die Stiefveld geërf en al is hulle bitter en verstote. Hulle is nog hier; hulle kan nog soggens wakker word en opkyk na die kop van Toorberg en dink: Hier hoort ons.

**(i)** Wat het daartoe aanleiding gegee dat Floors die veld ingedryf is?

**(ii)** In vergelyking met OuAbel wat Toorberg van StamAbel geërf het, voel Floors dat hy “nie ’n graf in die begraafplaas verdien” het nie. Bespreek die karaktereienskappe en doen en late wat OuAbel van sy broers onderskei.

**Of:**

**(b)** “Die Moolman-stamgeslag is onherroeplik gebonde aan Toorberg.” Bespreek hierdie stelling.

www.PapaCambridge.com

**3** ***Vatmaar*****, A. H. M. Scholtz**

**Of:**

**(a)** Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

[. . .] Onthou jy die eerste huis wat afgebrand is, Ta Vuurmaak?

Ja, ek onthou, Chai.

Wel, ek het gedink ek kan nie staan en kyk hoe die Boere oor niks moet ly en hoe vrouens en kinders uit hulle huise gevat word en hoe alles wat hulle het aan die brand gesteek word op orders van die Queen nie. Ek het besef ons Cape-boys moet die vuilwerk doen terwyl die Queen se manne staan en kyk hoe ons dit doen. As ons sou weier, weet ek nie wat hulle aan ons sou gedoen het nie. Miskien sou hulle ons geboei en tronk toe gestuur het omdat ons nie wou, soos hulle sê, orders obey nie. Want ons was nie die Queen se Cape-boys nie, ons was die Queen se manne.

Onthou jy die nag toe ons naby die tweede plaashuis oorgestaan het? Ons het die nag agter daai blou klipkoppie geslaap. Corporal Lewis het daar vir my gesê: Let's take a walk.

Dit was donker. Ons het tot bo-op die koppie geklim en op twee klippe gaan sit. Ons het lank so doodstil gesit. Omdat ek niks gehad het om te sê nie, het ek stilgebly. Ek kon sy hart hoor klop want die nag was baie stil.

My Ruth, by God, I really love you. God, please do not let anybody raise a finger on her. I love you, Ruth, Ruth, Ruth, het die Corporal skierlik gesê. Sy oë was toe en hy het hulle oopgemaak. Dit het my gelyk hy het vergeet ek was by.

Ons het weer doodstil gesit. Toe sit hy sy hand op my knie en sê: Charlie, you are the only friend I have.

Ons het weer 'n hele tydjie doodstil gesit. Toe dink ek as ek die man se swak plek agterkom, kan ek hom gebruik. Ek het aan die volgende plaashuis gedink wat ons Cape-boys môre aan die brand moes steek terwyl hy en sy manne sit en kyk. Ek het vir hom gesê: Corporal, wat sou jy gedoen het as ons Cape-boys op die perde gesit het en jy en jou manne moes Ruth se huis afbrand?

Hy het nie geantwoord nie, net stil gesit. Toe het hy met 'n stuurs army-stem gesê: You, Charlie, must never think like that.

Ek het gesê ek is jammer, maar ek is baie bly om sy vriend te wees en vriende vergeef mekaar.

**(i)** Waarom moes Charlie die Boere se huise afbrand?

**(ii)** Waarom vra Charlie wat Corporal Lewis sou gedoen het as hy bevel gekry het om self Ruth se huis af te brand?

**(iii)** "Charlie en Corporal Lewis se vriendskap weerspieël die waardes van die Vatmaar mense." Stem jy saam? Bespreek jou antwoord.

**Of:**

**(b)** "Kleur het nooit tussen ons gekom nie." Bespreek hierdie stelling van Norman van der Westhuizen oor sy aangenome Ma met betrekking tot Vatmaar se karakters.

www.PapaCambridge.com

## Section 2

**4** ***Bonga*, Elsa Joubert**

**Of:**

**(a)** Bespreek hoe die teenstrydige aspekte van Bonga se karakter na vore kom met verwysings na twee verskillende gebeure in die roman.

**Of:**

**(b)** «Na die kus toe,» sê Inacia Maria. «Ek wou nog altyd na die kus toe.»

Met verwysing na die landskap en die verhoudings tussen die mense van Massangano en Tete, verduidelik hoekom iemand soos Inacia Maria na die kus toe wil gaan.

**5** ***Kringe in 'n bos*, Dalene Matthee**

**Of:**

**(a)** "Daar was nêrens 'n brug van sy wêreld na hare toe nie, alleen [Kate] kon na syne toe kom."

Bespreek die rol van Kate McDonald in die verhaal, met spesifieke verwysing na haar agtergrond en haar vriendskap met Saul.

**Of:**

**(b)** Verduidelik waarom Saul as kind die bloubokkie se kop oopgekap het en bespreek die gevolge van hierdie daad vir Saul met betrekking tot sy familie, sy identiteit en sy plek in die Bos.

**6** ***Lied van die Vallei*, Athol Fugard**

**Of:**

**(a)** "**Die Skrywer:** [. . .] Jy sien, die waarheid is dat ek nie so dapper is omtrent veranderinge as wat ek wil wees nie. [. . .]"

Vergelyk Die Skrywer se jaloesie oor Veronica se toekoms met Buks se houding teenoor haar drome.

**Of:**

**(b)** Bespreek die rol van sang in *Lied van die Vallei* met verwysing na Buks en Veronica.

BLANK PAGE

www.PapaCambridge.com

**BLANK PAGE**

www.PapaCambridge.com

**BLANK PAGE**

www.PapaCambridge.com

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

University of Cambridge International Examinations is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of University of